ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

November 2022

## TUININSPEKSIES

Einde September 2022 is ‘n sms aan inwoners gestuur om hulle in kennis te stel van die tuininspeksies wat hervat sal word deur Bestuur en Direksie om te bepaal of inwonertuine voldoen aan die bepalings van die DRMP (Dolomite Risk Management Programme)

Ter agtergrond:
-Gedurende 2018 het ‘n sinkgat in Riethaanstraat geval.
-Die versekering wou nie die eis uitbetaal nie, omdat die kontrak aangedui het dat dolomietareas uitgesluit is.
-Die landgoed moes die herstelkoste van honderde duisende rande self dra (maw uit die eienaars se heffingsgelde)
Die HOA het onmiddellik begin met stappe om toekomstige sinkgat-probleme uit te skakel; deeglike tuininspeksies is uitgevoer in Junie 2018 om probleemtuine aan te spreek en in November 2018 is die DRMP aan alle huishoudings gesirkuleer.
Sien DRMP par 2f:
“Inspections of “private” gardens on common property  at units have been done in order to ensure that shrubs/plants are planted at least 40cm from retaining walls. Where necessary, the initial approval to residents has been revised and residents have been requested to either remove the plants or to place 40cm square blocks or pebbles with plastic underneath (40cm wide) against the walls in such a way that water can flow away from these walls. This practice will be followed up on a bi-annual basis with appropriate action.”
Par 2g: “ No installation of any irrigation system is allowed”

Sinkgate word gevorm deur water wat die erosie van dolomiet veroorsaak en holtes vorm. Sodra hierdie holtes ‘n groot hoeveelheid water ervaar, bv deur gebarste pype, oormatige reën of vloede, sink die boonste grondlaag in die holte in en vorm dus ‘n sinkgat.

## LAVIE CARE @ ELMED

Elmed is ‘n 30-bed fasiliteit wat voorsiening maak vir die **VOLTYDSE** versorging van verswakte bejaardes teen ongeveer R19 520.00 per maand vir inwoners. Dit sluit in 3 maaltye, 3 versnaperings, linne, wasgoed en 24-uur versorging. Indien daar nie ‘n bed beskikbaar is nie, kan Elmed 24-uur versorging tuis beskikbaar stel teen R15 713.00 per maand.

Elmed gee voorkeur aan Landgoed inwoners, maar om finansiële volhoubaarheid te verseker, moet mense van buite ook ingeneem word. Daar is tans net 4 Landgoed inwoners in die Sorgsentrum.

Inwoners kan oornag by Elmed teen R500.00 in ‘n deelkamer, ontbyt ingesluit; of ‘n privaatkamer teen R850.00 per nag, ontbyt ingesluit; indien daar ‘n bed beskikbaar is.

Die vlak van versorging wat gegee word, sluit in:
Bedwas/stort,hare was; buisvoedings; mondhigiëne, pasiënte voer; bed opmaak; wondsorg; druksorg; hulp met gehoorapparate; vitale teken monitoring; skeer van mans; naelsorg; hulp met aan-en uittrek; algemene versorging van kolostomie sakkies; katetersorg; omruil van doeke; suurstofterapie; medikasie administrasie; oogsorg; nasogastriese buisvoeding; aanteken van inneem en uitskeidings daagliks; gespesialiseerde wondsorg; en palliatiewe sorg.

Elmed is tans in die wagproses vir die Sertifikaat van Registrasie met die Departement Sosiale Ontwikkeling en behoort afgehandel te wees teen einde 2022.

By opname in die Versorgingseenheid benodig Elmed die volgende:
ID dokument; Mediese Fondskaart; nuutste voorskrif vir medikasie; toiletware en lospassende klere.

Deeltydse **TUISVERSORGING** deur LAVIE sluit ook verskillende opsies in:
-Inloerdienste van 20 minute per besoek 1-3 maal per dag; hulp met stort/bad; medikasie administrasie ens. Kry ‘n tariewelys by Louise, Fasiliteitsbestuurder.by 012 007 1610

## INSPIRASIE: GENADE OP DIE STERFBED

Baie mense maak eers op hul sterfbed hul saak reg met die Here. Onlangs vertel iemand my van ‘n vriend van hom wat lewenslank uitgesproke was oor sy ongeloof. Enkele dae voor sy dood het hy bely dat hy wel glo. Genadiglik sien die Here elkeen raak wat opreg na Hom uitroep, maak nie saak wie hulle is of wanneer hulle dit doen nie. Selfs in ons sterwensuur is Jesus ons genadig, soos met die man aan die kruis langs Hom.
Maar ons moenie sulke soektogte na hemelse genade tot ons laaste oomblik uitstel nie. Die dood daag dikwels onverwags op. Die Here wil ook nie hệ ons moet aan die einde van ons lewenspad slegs ‘n episodiese ontmoeting met Hom hệ nie. Hy roep ons op om lewenslank vir Hom te leef. Dan is die dood se greep getroef in ons eie lewe.

(Stephan Joubert)

Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.
Matteus 24:42

## ELEKTRISITEITSAANKOPE

Volgens die Akte van Oprigting p 10 par 2.2.3.8 moet die Landgoed ‘n ooreenkoms met die plaaslike owerheid (Tswane) aangaan vir die lewering van elektrisiteit. Tswane het ‘n ooreenkoms met die verskaffer **Netvendor** aangegaan. **I-switch** het egter nou vir Netvendor Pretoria oorgeneem.
Elke eenheid het ‘n spesifieke meternommer vir sy voorafbetaalde meter, wat op u verskafferskaart aangedui word, en word ook op u meter vertoon. Wanneer u dus elektrisiteit aankoop, is hierdie meternommer belangrik, ongeag wie die verskaffer is.
Elektrisiteit kan aangekoop word per kaart by Ontvangs, die BP express winkel, Spar of PnP. U kan ook elektrisiteit dmv die internet koop en die inligting hiervoor is by ontvangs beskikbaar. U kwitansie bevat die **herlaaikode**/bewysnommer/**TOKEN NUMBER**. Hierdie nommer word dan by u meter ingesleutel.

**I-switch** ondervind tans nog probleme met aanlynverkope, wat hopelik uitgesorteer sal wees wanneer die nuusbrief verskyn.

## IN GESPREK (37) MET...JOHAN EN ADRé ALBERTS

Johannes Petrus Lourens Alberts is gebore 16 Februarie 1943 in Pretoria en woon die volgende laerskole by: Proklamasieheuwel, Vanderbijlpark, Totius Laer, Frikkie Meyer en Henneman. Sy Hoërskooljare word deurgebring by Vanderbyl Afrikaans Hoër; hy matrikuleer in 1960 en tree finaal hier af te Kiewietstraat 61

AKADEMIESE AGTERGROND:

| | |
|---|---|
| Tuks: 1964: | B.Com Regte/Statistiek/Ekonomie |
| Unisa: 1969: | S.T.R, Nagraadse Ekonomie/Regte |
| GRSA: 1970: | GR (Geoktrooieerde rekenmeester) |
| Geneve: 1987: | IMI |

WERKSGESKIEDENIS:

| | |
|---|---|
| 1961-1966 | Staatsdrukker :Rekeninge klerk/boekhouer |
| 1967-1970 | Rekenmeester klerk |
| 1971 | Krygkor |
| 1972-1980 | PMP fabriek na Krygkor; Rekenmeester-KGA fabrieksbestuurder tot Hoofbestuurder |
| 1990 | Krygkor: Strategiese beplanning en Finansies |
| 1991 | Krygkor: Hoof Uitvoerende Beampte |
| 1992-1997 | Stigter van DENEL (Edms) Bpk |

Johan dien ook in die direksies van Santam, SA Munt, SENWES Bpk, OT Kooperasie; Korosus Vleis en verskillende Kerkrade, skoolrade, komitees van Munisipaliteite; Boerdery aksies. Hy was ook ‘n konsultant tov Besigheidsomkeerstrategieë en Beleggingsoptimering; het op verskeie ouditeurskomitees gedien en dien die afgelope 7 jaar op die direksie van ons Aftree Landgoed.

Hy het geboer in Vrede en Memel met skape, beeste, soja en mielies en het nog ‘n lewendige belangstelling in die “Demografiese ontwikkeling en die impak op die samelewing”; die ekonomie en regte.

Johan is getroud met Adre op 21 Januarie 1967. Sy het verskeie plaasskole besoek in Leeuwdoringstad en het haar hoërskooljare deurgebring by Helpmekaar Meisies Hoër in Johannesburg.
Hulle het twee kinders: Riana (oorlede) en Chris met ook B.Com (GRSA) en is geseënd met 5 kleinkinders.




Johan en Adre verhuis vanaf hulle plaas (links) na Eldoraigne Aftree Landgoed (onder)



Vurige rugby ondersteuners laat hulle nie deur beurtkrag onderkry nie-in die sitkamer



Polanie en 'n groep vriendinne vier tuindag tydens 'n gesellige ete in die restaurant-blomme in die hare.



Kleinkinders geniet ook tuindag saam met Ouma by die woonstelle





Charlotte (190) het darem 'n "hand met 'n plant". Kyk hoe mooi blom haar Kalanchoes
















Scadoxus by huis 81



Petria



Raphiolepis



Azalea



‘n “broodboom”



Jan van
Kiewietstraat 22 se
7-kleure Litrose

## ...ken jy haar regtig..?

Ons is so vinnig om te sệ .."ja ek ken haar"….maar kén jy haar regtig…of wéét jy net van haar?
Ken jy haar agv die dinge wat jy van haar gehoor het… of is jou "ek ken haar" gegrond op ander se opinies oor haar?
Daar is 'n groot verskil tussen …ek ken haar "storie"..en EK KEN HAAR HART.
..as jy haar REGTIG ken sal jy haar hart verstaan..
..as jy haar REGTIG ken sal jy haar wệreld verstaan..

Wanneer ken jy iemand regtig..?
..jy sal weet van die dinge wat haar hart laat huil..
..jy sal weet van al haar drome en haar vrese..
..jy sal weet wanneer haar damwal van trane op breekpunt is..
..jy sal weet van die kommer wat sy dapper vir die wệreld wegsteek..
..jy sal weet van al die "battle scars" wat die lewe op haar menswees gelos het..
..jy sal weet wat haar lekker diep uit haar maag laat lag..
..jy sal weet wat haar hartseer maak..
..jy sal weet wat haar kinderlik opgewonde maak..
..jy sal weet wat haar vrede steel..

en wanneer sy jóu TOELAAT om haar REGTIG te kén…
..moet jy wéét dat sy omgee..
..moet jy weet dat sy die mure om haar brose hart vir jou laat sak..
..moet jy weet dat sy jou genoeg vertrou..soveel so dat sy veilig voel om jou in haar hartskamers toe te laat..
..moet jy weet dat jy vir haar saakmaak..

Voor jy volgende keer sonder om te skroom sệ .."ja ek ken haar" Dink eers mooi..kén jy háár REGTIG ..of gaan jy jou opinie gee gegrond op wat jy dink jy weet…
..en ás jy haar REGTIG ken, ag jouself bevoorreg..
..want nie almal is só gelukkig om háár (menswees) REGTIG te ken nie.. (Ingestuur deur Hantie 162)

Voorspoed op die nuwe opwindende lewe wat jy en Louis in George aanpak. Geniet hierdie wonderlike tweede kans wat julle gekry het.

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons wonderlike leefstyl landgoed. Doen navraag by Ontvangs indien u nie die Leefstylgids vanaf die eienaar ontvang het nie en raad nodig het oor enige landgoed - aangeleenthede.

2 Munsamy Govender
10 Daniël en Jeanette du Toit
47 Salete Goncalves
76 Veronica Von Aulock
183 Maria Bosman
1221 Hettie Greyling
1226 Mardelyn Conradie

## GESPREKSGROEP

Die maandelikse gespreksgroep vind plaas op Dinsdag 8 November om 10h00 in die saal.

Rae Labuschagne deel met ons haar herinneringe as die vrou van 'n diplomat vir 5 jaar in China. Sy vertel hoe sy ervaar het dat daardie reuseland hom uit jare van swaarkry en isolasie ontworstel het en hoe sy 'n liefde vir die antieke stad Beijing ontwikkel het. Sy het ook met sukses die uitdaging aangepak om Mandaryns te leer.

## MONTHLY CHAT

The monthly meeting of the chat group will take place on Tuesday 8 November in the hall at 10h00.
Rae Labuschagne will share with us some of her memories of the 5 years she lived in China as the wife of a diplomat.
She experienced that huge country emerging from years of hardship and isolation and learned to love the ancient and exciting city Beijing.
She also successfully tackled the formidable task of learning Mandarin.

## WATER IS LEWE

As verantwoordelike landsburgers, moet ons nie wag vir Tswane, of Rand Water of die HEV om ons aan te spreek oor waterverbruik en-vermorsing nie. Die media hou ons op hoogte van watertekorte landswyd-al is dit weens swak bestuur, of gebarste pype of korrupsie...
Die houding van: "Ek sal my tuin ure water gee want ek betaal mos nie per vermorsing nie"-ek dink nie aan hospitale, ouetehuise, inrigtings en ander weerlose mense nie- baie selfsugtig hoor!

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterftes bekend van Des en Pam Hazel.
Pam op 19 Junie 2022
Des op 10 Julie 2022

Hulle was bekende inwoners wat vir jare in woonstel 1308 gebly het, en het einde 2021 verhuis na 'n SAVF oord.
Des was bekend vir sy swart oogklappie wat gereeld spiesgooi beoefen het in Noordpark en vir sy talle medaljes wat hy verower het as lid van die GNMA (Gauteng North Master Athletics) span

## IDIOME 1

-Iemand aapstert gee: iemand met 'n sambok slaan.

-Hy hou sy lyf aasvoël:hy kom net teen etenstyd op 'n plek en vertrek dadelik daarna.

-'n Bok op die muur wees: nie party kies nie.

-'n Bok in die wingerd laat loop: Iemand te veel vertrou.

-Van 'n donkie kan jy altyd 'n skop verwag: van 'n onbeskofte persoon ontvang jy 'n belediging.

## TERMIETE

Met die reën voor die deur, is ons nie net pragtige groen gras en mooi blomme te wagte nie, maar ook termiete. Saans vlieg die rysmiere , en soggens lệ net die vlerkies rond, nadat hulle in die grond ingeboor het.

**-Grasdraer termiete** dra dooie gras in die oop gaatjies in die grond in om hulle kleintjies te voed. Hulle is donker van kleur (amper bruin met strepies). Bestry hulle deur Termite Stop korreltjies rondom die gaatjies te strooi.

**Houtboorder termiete** val boomstamme, stokkerige struikstamme, houtbalke van plafonne en houtdeure aan. Hulle is half deurskynend met 'n rooi kop, hulle hou nie van son nie, en beweeg in modderige gangetjies wat hulle bou, selfs teen boomstamme op. Bestry hulle deur Terminex ondergronds aan te wend soos volg: maak 'n regaf gat in die grond met 'n stok 30cm diep en gooi die aangemaakte Terminex daarin af. (Of kry Pest Control indien dit 'n infestasie is)

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

011 805 6316
www.csi-euf.co.za

## AVAILABLE RETIREMENT RENTALS

PROPERTIES WANTED

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

PROPERTIES WANTED

1 Bedroom. 1 Bathroom Apartment from R7 100 p/m
2 Bedroom, 1 Bathroom Apartment from R8 300 p/m

**Stella Cloete**
**072 459 2230**
**stella@csiproperties.co.za**

*REGISTERED WITH THE PPRA


*REGISTERED WITH THE PPRA

TIME TO SAY Hello TO Summer

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

## ELDORAIGNE AFTREE LANDGOED

**R2 345 000**
3 slaapkamer / 2 badkamer / dubbel motorhuis / simpleks





Ruan Erasmus
071 481 6199 | ruan@csisales.co.za